PRETORIA CHRISTEN GEMEENTE

[hierna verwys as "PCG"]

GELOOFSBELYDENIS

[Wat PCG leer]

Die ouderlinge van Pretoria Christen Gemeente erken dat die Bybel die enigste ware Woord van die Lewende God aan die mens is. Ons bevestig ons diepe verbintenis tot hierdie Woord en die waarhede daarin vervat en sal die Skrif eerlik en met ywer bestudeer en leer.

Die kern-onderrig van Pretoria Christen Gemeente is dus die deurlopende oordra van Bybelse waarhede aan Christen-gelowiges sodat hulle God deur aanbidding en evangeliebediening kan ken en dien.

INHOUDSOPGAWE

1. DIE WOORD VAN GOD 3

2. GOD 4

2.1 God die Vader 4
2.2 God die Seun 5
2.3 God die Heilige Gees 7

3. DIE MENS 8

4. REDDING/VERLOSSING 9

4.1 Wedergeboorte 9
4.2 Uitverkiesing 10
4.3 Regverdigmaking 10
4.4 Heiligmaking 11
4.5 Sekuriteit/Sekerheid 12
4.6 Skeiding van sonde 12

5. DIE KERK 13

5.1 Die gesag oor die kerk en leierskap in die kerk 13
5.2 Die ontstaan en samestelling van die kerk 13
5.3 Die rol en doel van die kerk 14
5.4 Praktiese toepassing van die rol en doel van die kerk 15
5.5 Die funksie van gawes in die kerk 15
5.6 Die ordinansies van die kerk (doop en nagmaal) 16

6. ENGELE 17

6.1 Heilige engele 17
6.2 Gevalle engele 17

7. DIE EINDTYD/ESKATOLOGIE 17

7.1 Die dood 17
7.2 Die groot verdrukking 18
7.3 Die tweede koms en die duisendjarige vrederyk 19
7.4 Die oordeel van die verlorenes 19
7.5 Ewigheid 20

8. HUWELIK 20

9. HOE WORD IEMAND 'N CHRISTEN? 21

9.1 Redding en bekering 21
9.2 Hoe lyk die wedergeborene? 22

PCG LEER DIE VOLGENDE

1. DIE WOORD VAN GOD

Ons leer dat die Bybel God se geskrewe openbaring aan die mens is (1 Kor 2:1-14). Die Bybel bevat 66 boeke en al die boeke van die Bybel is deur die Heilige Gees geïnspireer (2 Tim 3:16-17; 2 Pet 1:20-21). God verwag van jou 'n reaksie (1 Pet 3:15).

Ons leer dat die Woord van God 'n absoluut onfeilbare (2 Pet 1:19) Godgegewe (Heb 1:1) dokument is wat waarheid bevestig, waarheid van leuen onderskei (1 Thes 2:13; 1 Kor 2:13) en ons leer dat die Woord van God woordeliks geïnspireerd is (2 Tim 3:15-17).

Ons gebruik 'n letterlike grammaties-historiese interpretasie van die Skrif. Daardeur word bevestig dat die skepping letterlik in ses dae plaasgevind het soos aangedui in die eerste hoofstukke van Genesis. (Gen 1:31; Eks 31:17).

Ons leer dat die Woord van God die enigste onfeilbare basis is vir geloof en aanbidding (Matt 5:18; 24:35; Joh 10:35; 16:12-13; 17:17; 1 Kor 2:13; 2 Tim 3:15-17; Heb 4:12; 2 Pet 1:20-21). Hierdie woord is die enigste bron van waarheid vir die Christelike lewe (2 Tim 3:16-17). Die Woord van God bevat ook alles wat nodig is vir redding en 'n goddelike lewe (2 Pet 1:3).

Ons leer dat God in Sy geskrewe Woord deur 'n proses van gedeelde outeurskap spreek. Die Heilige Gees het die outeurs van die Bybel so gelei dat God deur hierdie skrywers, met inbegrip van hulle en hulle individuele persoonlikhede en skryfstyle, die hele Woord van God aan die mens (2 Pet 1:20-21) sonder enige foute verwoord het (Matt 5:18; 2 Tim 3:16).

Ons leer dat alhoewel daar verskeie menslike sienings oor onderskeie gedeeltes van die Bybel kan wees, daar net een ware interpretasie vir elke gedeelte is. Insig in die Skrif word verkry deur die reëlmatige toepassing van die letterlike grammaties-historiese metode onder leiding van die Heilige Gees (Joh 7:17; 16:12-15; 1 Kor 2:7-15; 1 Joh 2:20).

Dit is die verantwoordelikheid van elke Christen-gelowige om die Skrif versigtig te ontleed om sodoende die ware bedoeling en betekenis van die Woord vas te stel, sodat die korrekte uitleg na toekomstige geslagte oorgedra kan word (Deut 32:7; Psa 145:4) en sodat die Christen-gelowige in gehoorsaamheid op die ware toepaslike bedoeling van die woord kan reageer (Joh 14:15; 15:14).

2. GOD

Ons leer dat daar net een ware en lewende God is wat aanbid en gehoorsaam moet word (Deut 6:4; Jes 45:5-7; 1 Kor 8:4); 'n alomteenwoordige en alwetende Gees (Joh 4:24), volmaak in al Sy eienskappe en wat een in wese is, maar bestaan uit drie persone, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees (Matt 28:19; 2 Kor 13:13[1]).

2.1 God die Vader

Ons leer dat God die Vader die eerste persoon van die heilige Drie-Eenheid is wat oor alle dinge volgens Sy wil en genade beskik (Ps 145:9-10[2]; 1 Kor 8:6). Hy is die skepper van alle dinge (Gen 1:1-31; Ef. 3:9). As die enigste en almagtige Heerser van die heelal, is Hy soewerein in Sy skepping, voorsiening en verlossing (Ps 103:19; Rom 11.36). Sy Vaderskap behels beide Sy plek in die Drie-Eenheid en Sy verhouding met die mensdom. As Skepper is Hy die Vader van alle mense (Ef 4:6) maar ook die Geestelike Vader van alle Christen-gelowiges (Rom 8:14; 2 Kor 6:18).

Alles gebeur volgens Sy wil (Ef 1:11). Hy onderhou en lei alle lewe en gebeure en heers voortdurend daaroor (1 Kron 29:11). Omdat Hy soewerein is, is Hy nie die skepper van sonde nie en keur dit ook nie goed nie (Hab 1:13; Joh 8:38-47). Hy staan onpartydig wanneer morele, intelligente mense vir hul dade tot verantwoording geroep word (1 Pet 1:17).

Voordat die wêreld geskep is, is die uitverkorenes reeds deur Hom uitverkies om

[1] 2 Kor 13:14 in Engelse vertalings
[2] Ps 145:8-9 in Engelse vertalings

heilig en onberispelik voor Hom te wees (Ef 1:4-6). Hy red almal wat in Hom glo en wat deur Jesus Christus na Hom toe kom. Hy is Vader vir almal wat na Hom toe kom en neem hulle aan as Sy eie (Joh 1:12; Rom 8:15; Gal. 4:5; Heb 12:5-9).

2.2 God die Seun

Ons leer dat Jesus Christus die tweede persoon van die Drie-Eenheid is (Jes 61:1; Luk 4:14-19). Hy beskik, soos die Vader, oor alle Goddelike magte en is ewig en in wese soos die Vader (Joh 10:30; 14:9). Hy en die Vader is een (Deut 6:4).

Ons leer dat God die Vader alles geskep het na Sy wil en deur Sy seun Jesus Christus, deur wie alles voortbestaan en onderhou word (Joh 1:3; Kol 1:15-17; Hebr 1:2). Ons leer dat, met die vleeswording (God word mens), Christus net die voorreg van gebruik van Sy Godheid prysgegee het, maar nie Sy Goddelike essensie nie. Met Sy vleeswording het die tweede persoon van die Drie-Eenheid alle eienskappe van menswees aangeneem en so aan die mens gelyk geword (Fil 2:5-8; Kol 2:9).

Ons leer dat Jesus Christus se mensheid en Godheid in 'n ondeelbare eenheid is (Miga 5:1[3]; Joh 5:23; 14:9-10; Kol 2:9).

Ons leer dat Jesus Christus uit 'n maagd gebore is (Jes 7:14; Matt 1:23, 25; Luk 1:26-35), dat Hy God is wat vlees geword het (Joh 1:1, 14) en dat die doel van die vleeswording was om God aan die mens te openbaar, die mens te verlos en uiteindelik so oor die koninkryk van God te heers (Ps 2:7-9; Jes 9:5[4]; Joh 1:29; Fil 2:9-11; Hebr 7:25-26; 1 Pet 1:18-19).

Ons leer dat die tweede persoon van die Drie-Eenheid, Jesus Christus, met Sy vleeswording, Self Sy vermoë om ten volle uiting te gee aan die Godheid ter syde gestel het deurdat Hy vleeslikheid tot Sy Godheid bygevoeg het en so nooit afstand gedoen van Sy Goddelike eienskappe nie (Fil 2:5-8).

Ons leer dat Jesus Christus ons deur die vergieting van Sy bloed met Sy offerdood aan die kruis verlos het. Hy was ons vrywillige plaasvervanger en middelaar. (Joh

[3] Miga 5:2 in Engelse vertalings
[4] Jes 9:6 in Engelse vertalings

10:15; Rom 3:24-25; 5:8; 1 Pet 2:24; 3:18).

Ons leer dat, op grond van die betekenis van die dood en opsatanding van Jesus Christus, die Christen-gelowige vry sal wees van die oordeel en straf vir sonde, en eendag ook vry sal wees van die teenwoordigheid van sonde; dat die Christen-gelowige deur Jesus Christus regverdig verklaar is, die ewige lewe verkry het en in God se familie opgeneem is (Rom 3:25; 5:8-9; 2 Kor 5:14-15; 1 Pet 2:24; 3:18).

Ons leer dat ons regverdigmaking deur Sy letterlike, fisiese opstanding uit die dood verseker is en dat Hy na die hemel opgevaar het en aan die regterhand van God die Vader sit vanwaar hy as Middelaar, Regter en Hoëpriester vir ons optree (Matt 28:6; Luk 24:38-39; Hand 2:30-31; Rom 4:25; 8:34; Heb 7:25; 9:24; 1 Joh 2:1).

Ons leer dat deur die opstanding van Jesus Christus uit die graf het God die Goddelikheid van Sy Seun bevestig en die versoeningsdaad van Christus aan die kruis aanvaar. Jesus Christus se liggaamlike opstanding is dan ook ‘n waarborg van ‘n toekomstige opstanding van alle Christen-gelowiges (Joh 5:26-29; 14:19; Rom 1:4; 4:25; 6:5-10; 1 Kor 15:20, 23).

Ons leer dat Jesus Christus met die wegraping sal kom om die kerk, Sy liggaam, te ontvang en om Sy duisendjarige koninkryk op aarde te vestig (Hand 1:9-11; 1 Thess 4:13-18; Op 20).

Ons leer dat Jesus Christus die een is deur wie God die volgende groepe mense sal oordeel in die toekoms (Joh 5:22-23).

1. Christen-gelowiges (1 Kor 3:10-15; 2 Kor 5:10).
2. Lewende inwoners op die aarde met Sy glorieryke terugkoms (Matt 25:31-46).
3. Ongelowige gestorwenes voor die groot wit troon (Op 20:11-15).

Ons leer Jesus Christus sal heers as die Middelaar tussen God en die mens (1 Tim 2:5), as die hoof van Sy liggaam, hoof van die kerk (Ef 1:22; 5:23; Kol 1:18), en die komende alleenheersende Koning wat op die troon van Dawid oor Sy koninkryk (Jes 9:6; Luk 1:31-33). Hy sal die finale oordeel fel oor almal wat nagelaat het om te bekeer en hulle vertroue in Hom te plaas as Heer en Verlosser (Matt 25:14-46; Hand 17:30-31).

2.3 God die Heilige Gees

Ons leer dat die Heilige Gees ewig en Goddelik van aard is en Goddelike eienskappe het, naamlik alwysheid (1 Kor 2:10-13), emosie (Ef 4:30), Sy eie wil (1 Kor 12:11), ewige Gees (Heb 9:14), alomteenwoordigheid (Ps 139:7-10), alwetendheid (Jes 40:13-14), almagtigheid (Rom 15:13) en regverdigheid (Joh 16:13). Die Heilige Gees besit al die Goddelike eienskappe van die Vader en die Seun en Hy is een in wese met die Vader en die Seun (Matt 28:19; Hand 5:3-4; 1 Kor 12:4-6; 2 Kor 13:13[5]; Jer 31:31-34; Heb 10:15-17).

Ons leer dat dit die werk van die Heilige Gees is om die Goddelike wil oor die hele mensdom te laat geskied. Ons erken Sy soewereine werk in die skepping (Gen 1-2), die vleeswording (Matt 1:18), die geskrewe openbaring van die Woord (2 Pet 1:20-21) en die wedergeboorte en redding (Joh 3:5-7).

Ons leer dat die Heilige Gees se werk in die kerk begin het vanaf die totstandkoming van die kerk met die uitstorting van die Heilige Gees toe Hy van die Vader gekom het soos deur Christus beloof (Joh 14:16-17; 15:26) om Sy kerk (Sy liggaam) op aarde te vestig (1 Kor 12:13). In breë trekke sluit Sy Goddelike werk in om die mensdom van sonde te oortuig, om Jesus Christus deur die Christen-gelowige te eer en te verheerlik en om gelowiges na die beeld van Christus te verander (Joh 16:7-11; Hand 1:5; 2:4; Rom 8:29; 2 Kor 3:18; Ef 2:22).

Ons leer dat die Heilige Gees in die redding van die Christen-gelowige, die bonatuurlike en soewereine werker in die liggaam (kerk) van Christus is (1 Kor. 12:13). Die Heilige Gees woon, rig en bemagtig die Christen-gelowige vir diensaan God en bewaar hulle tot in ewigheid (Rom 8:8-9; 2 Kor 3:6; Ef 1:13).

Ons onderrig dat die Heilige Gees die Goddelike onderwyser was wat die apostels en profete in waarheid gelei en verbind het tot die skryf van God se openbaring, die Bybel of die Woord van God. Vanaf die oomblik van redding beskik elke Christen-gelowige oor die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees en dit is die plig

[5] 2 Kor 13:14 in Engelse vertalings

van almal wat deur die Gees wedergebore is om in die Gees te wandel (Gal 5:16, Joh 16:13; Rom 8:9; Ef 5:18; 2 Pet 1:19-21; 1 Joh 2:20-27).

Ons leer dat die Heilige Gees geestelike gawes aan die kerk toereken. Die Heilige Gees verheerlik nie Homself of Sy gawes deur opsigtelike vertoon nie, maar Hy verheerlik Christus deur die verlossing van die verlorenes en die opbou van gelowiges in die Christelike geloof (Joh 16:13-14; Hand 1:8; 1 Kor 12:4-11; 2 Kor 3:18).

Ons onderrig dat God die Heilige Gees soewerein is in die uitdeel van al Sy gawes vir die voordeel van die Christen-gelowige. Die spreek in tale en doen van wonderwerke in die begindae van die kerk was net daar om die apostels se boodskap te bekragtig. Wondergawes was nie bedoel was om kenmerkend van die lewens van hedendaagse Christen-gelowiges te wees nie (1 Kor 12:4-11; 13:8-10; 2 Kor 12:12; Ef 4:7-12; Heb 2:1-4).

3. DIE MENS

Ons leer dat God die mens na Sy beeld en gelykenis geskape het. Die mens is onskuldig, maar met 'n morele verantwoordelikheid teenoor God geskape (Gen 2:7, 15-25; Jak 3:9).

Ons leer dat God se bedoeling met die skepping van die mens was dat die mens God sou verheerlik, Sy gemeenskap sou geniet en sy lewe na die wil van God sou leef. Hierdeur wou God Sy wil met die mens op aarde volbring (Jes 43:7; Kol 1:16; Op 4:11).

Ons leer dat, deur Adam se sonde van ongehoorsaamheid aan die wil van God, die mens sy onskuld verloor het en onderhewig gestel is aan die straf van die fisiese en geestelike dood; onderhewig gestel is aan die toorn van God en dit vir die mens inherent onmoontlik geword het om te kies of te doen wat vir God aanvaarbaar is, behalwe deur Goddelike genade. Sonder God het die mens geen vermoë om homself te red nie en is die mens hopeloos verlore. Die mens se redding is geheel en al afhanklik van God se genade deur die verlossingsdaad van Jesus Christus (Gen 2:16-17; 3:1-19; Joh 3:3-6; Rom 3:23; 6:23; 1 Kor 2:14; Ef 2:1-3; 1 Tim 2:13-14; 1 Joh 1:8).

Ons leer dat alle mense uit Adam is en dat Adam se sonde van die begin af aan alle mense oorgedra is, met Jesus die Christus as die enigste uitsondering. Buiten die Here Jesus, is alle mense van nature en deur eie keuse sondaars (Ps 14:1-3; Jer 17:9; Rom 3:9-18, 23; 5:10-12).

4. REDDING/VERLOSSING

Ons leer dat verlossing geheel en al afhanklik is van God se genade. Verlossing geskied op grond van die bloed van Jesus en kan nie bekom of gehou word deur menslike meriete of werke nie (Joh 1:12; Ef 1:7; 2:8-10; 1 Pet 1:18-19). Die Bybel leer ook dat elke mens deur die genade van God alleen, 'n verantwoordelikheid het om te reageer op God se oproep om te glo (Joh 3:36).

4.1 Wedergeboorte

Wat die Heilige Gees betref, leer ons dat die Christen-gelowige se redding, die Goddelike werking van die Heilige Gees is waardeur die Christen-gelowige 'n geesvervulde lewe van geregtigheid geskenk word. (Joh 3:3-7; Tit 3:5). Wedergeboorte gebeur oombliklik en word alleenlik verkry deur die krag van die Heilige Gees deur die Woord van God (Joh 5:24). Die Heilige Gees oortuig sondaars van hulle sonde en gee hulle berou. Die Heilige Gees bewerk die bekering van sonde vir die Christen gelowige.

Goeie werke en regverdige optrede sal die vrug en getuienis van die bekeerde wees (1 Kor 6:19-20; Ef 2:10). Die Christen-gelowige sal sy lewe aan God oorgee aan en hom laat lei deur die Heilige Gees in sy gehoorsaamheid aan die Woord van God (Ef 5:17-21; Fil 2:12b; Kol 3:16; 2 Pet 1:4-10). Hierdie gehoorsaamheid veroorsaak dat die Christen-gelowige toenemend gelykvormig word aan die beeld van Jesus Christus (2 Kor 3:18). Hierdie bevestiging bereik 'n hoogtepunt met die Christen-gelowige se verheerliking met die wederkoms van Christus (Rom 8:17; 2 Pet 1:4; 1 Joh 3:2-3).

4.2 Uitverkiesing

Ons leer dat die uitverkiesing ‘n daad is van God waardeur Hy, in Jesus, nog voor die grondlegging van die wêreld, diegene uitverkies het wat Hy uit genade verlos, vernuwe en verheerlik (Rom 8:28-30: Ef 1:4-11; 2 Thes 2:13; 2 Tim 2:10; 1 Pet 1:1-2).

Ons leer dat God se soewereine uitverkiesing van Sy kinders, nie die verantwoordelikheid van die mens wegneem om sonde te bely en op Christus as Verlosser en God te vertrou nie (Eseg 18:23, 32; 33:11; Joh 3:18-19, 36; 5:40; Rom 9:22-23; 2 Thes 2-10-12; Op 22:17). Alhoewel God van die mens verwag om sy sonde te bely en in Jesus te glo, spruit soewereine uitverkiesing steeds uit wat God volgens Sy wil besluit. Almal wat die Vader na Hom toe roep, sal in geloof kom en almal wat in geloof na Hom toe kom en sal hulle sal deur die Vader ontvang word (Joh 6:37-40, 44: Hand 13:48; Jak 4:8).

Ons leer dat die onverdiende gawe wat God aan bedorwe sondaars skenk, nie verwant is aan enige handeling van hul eie nie, en ook nie van God se verwagting oor wat hulle uit hul eie wil mag doen nie, maar dat dit alleenlik deur God se soewereine barmhartigheid en genade geskied (Ef 1:4-7; Tit 3:4-7; 1 Pet 1:2).

God is werklik soewerein en Hy oefen hierdie sowereiniteit in harmonie met Sy ander eienskappe uit, veral Sy alwetendheid, Sy geregtigheid, Sy heiligheid, Sy wysheid, Sy genade en Sy liefde (Rom 9:11-16). Hierdie soewereiniteit sal altyd vir God verheerlik in ooreenstemming met sy karakter, soos geopenbaar in die lewe van ons Here Jesus Christus (Matt 11:25-28; 2 Tim 1:9).

4.3 Regverdigmaking

Ons leer dat regverdigmaking voor God ‘n daad van God is (Rom 8:33) deurdat Hy diegene wat deur geloof in Christus hul sondes bely en daarvan bekeer (Luk 13:3; Hand 2:38; 3:19; 11:18; Rom 2:4; 2 Kor 7:10; Jes 55:6-7), en God as Redder erken, regverdig verklaar word deur Hom (Rom 10:9-10; 1 Kor 12:13; 2 Kor 4:5; Fil 2:11).

Hierdie regverdigmaking staan apart van enige deugde of dade van die mens (Rom 3:20; 4:6) en behels toerekening van ons sondes aan Christus (Kol 2:14; 1 Pet 2:24; 2 Kor 5:21) en die toerekening van God se geregtigheid aan ons (1 Kor 1:30). Hierdeur word God in staat gestel om regverdig en die Regverdigmaker te wees van diegene wat geloof in Jesus Christus het (Rom 3:26).

4.4 Heiligmaking

Ons leer dat God elke Christen-gelowige in Christus regverdig verklaar. Wanneer Christen-gelowiges regverdig verklaar is voor God, heilig God deur die werking van die Heilige Gees die Christen-gelowige se lewe deur die gelowige apart van die wêreld te plaas vir Sy heilige gebruik. Verder groei God die Christen-gelowige se karrakter nader aan die van Christus se karrakter oor die verloop van die Christen-gelowige se lewe (Rom 8:28-29; Hand 20:32; 1 Kor 1:2, 30; 6:11; 2 Thes 2:13; Heb 2:11; 3:1; 10:10, 14; 13:12; 1 Pet 1:2).

Ons leer dat daar, deur die werking van die Heilige Gees, ‘n toenemende heiligmakingsproses is waardeur die Heilige Gees die gelowige toenemend laat vorder van die gelowige se huidige mindere geestelike volwassenheid na ‘n groter geestelike volwassenheid. Deur gehoorsaamheid aan die Woord van God en die krag van die Heilige Gees, is die gelowige in staat om toenemend heilig te lewe in ooreenstemming met die wil van God en sodoende meer en meer soos ons Here Jesus Christus te word (Joh 17:17-19; Rom 6:1-22; 2 Kor 3:15-18; 1 Thes 4:3-4; 5:23).

In hierdie verband leer ons dat elke Christen-gelowige in daaglikse konflik is met die vlees, maar dat daar genoegsaam voorsiening gemaak word vir oorwinning van die vlees deur die krag van die inwonende Heilige Gees. Die gelowige bly egter dwarsdeur sy aardse lewe teen die sonde stry en hierdie stryd eindig wanneer die Christen-gelowige na dood verheerlik word (Gal 5:16-25; Ef 4:22-24; Fil 3:12; Kol 3:9-10; 1 Pet 1:14-16; 1 Joh 3:5-9).

4.5 Sekuriteit/Sekerheid

Ons leer dat alle gereddenes permanent in God se reddende krag leef en vir ewig veilig is in Jesus Christus (Joh 5:24; 6:37-40; 10:27-30; Rom 5:9-10; 8:1; 31-39; 1 Kor 1:4-8; Ef 4:30; Heb 7:25; 13:5; 1 Pet 1:5; Jud 24).

Ons leer dat dit die voorreg van Christen-gelowiges is om hulle te verbly in die versekering van hul redding deur die getuienis in God se Woord. Die Woord verbied die Christen-gelowige om vryheid in redding as geleentheid te gebruik om sondig en na die begeertes van die vlees te lewe (Rom 6:15-22; 13:13-14; Gal 5:13, 25-26; Tit 2:11-14).

4.6 Skeiding van sonde

Ons leer dat gehoorsame gelowiges in die Ou en Nuwe Testament afstand doen van sonde en dat die Skrif duidelik uitwys dat afvalligheid en verwêreldliking in die laaste dae sal toeneem (2 Kor 6:14-7:1; 2 Tim 3:1-5).

Ons leer dat Christen-gelowiges so moet leef dat hulle nie ‘n skande oor die naam van hulle God en Redder bring nie (2 Sam 12:13-14). Ons leer ook dat God gelowiges beveel om afstand te doen van godsdienstige afvalligheid, valshede, asook van wêreldse en sondige praktyke (Rom 12:1-2; 1 Kor 5:9-13; 2 Kor 6:14-7:1; 1 Joh 2:15-17; 2 Joh 9-11).

Ons leer dat gelowiges hulle met volharding aan die Here Jesus Christus moet toewy (2 Thes 1:11-12; Heb 12:1-2). Christen-gelowiges openbaar gehoorsaamheid en geregtigheid deur ‘n Godsvrugtige lewe (Matt 5:2-12; Rom 12:1-2; 2 Kor 7:1; Heb 12:14; Tit 2:11-14; 1 Joh 3:1-10; Gal 5:22-25).

5. DIE KERK

5.1 Die gesag oor die kerk en leierskap in die kerk

Ons leer dat die hoogste gesag in die kerk, die Here Jesus Christus is (1 Kor 11:3; Ef 1:22; Kol 1:18) en dat kerkleierskap, gawes, orde, dissipline en aanbidding daargestel is en voortvloei vanuit Sy soewereiniteit soos ons dit in die Skrif vind. Die Bybelse mandaat beskryf kerkleiers wat onder Christus oor die gemeente dien as ouderlinge (Hand 20:28; Ef 4:11). Ouderlinge moet aan Bybelse voorskrifte voldoen (1 Tim 3:1-7; 1 Tit 1:5-9; 1 Pet 5:1-5). Net so ook diakens (1 Tim 3:8-13).

Ons leer dat hierdie leiers as diensknegte van Christus lei en heers (1 Kor 4:1-2, 11:1; 1 Tim 5:17-22) en dat hulle gesag vanaf Hom ontvang het om die kerk te lei en te rig. Die gemeente moet hulle aan hul leierskap onderwerp (Heb 13:7, 17).

5.2 Die ontstaan en samestelling van die kerk

Ons leer dat die ontstaan van die kerk, die liggaam van Christus, op Pinksterdag plaasgevind het (Hand 2:1-21, 38-47) en sy volheid sal bereik met die koms van Christus tydens die wegraping wanneer Hy dié wat aan Hom behoort sal kom haal (1 Kor 15:51-52; 1 Thes 4:13-18).

Ons leer dat die kerk ‘n Christus-gesentreerde geestelike instelling is, wat uit wedergebore gelowiges bestaan (Ef 2:11-3:6). Die kerk is nie nasionale Israel nie (1 Kor 10:32). Die kerk is ‘n geheimenis wat eers in die Nuwe Testament openbaar is (Ef 3:1-6; 5:32).

Ons leer dat almal wat in Jesus Christus as Redder glo onmiddellik verenig word deur die Heilige Gees in een verenigde geestelike liggaam, naamlik, die kerk (1 Kor 12:12-13). Die kerk is die bruid van Christus (2 Kor 11:2; Ef 5:23-32; Op 19:7-8), waarvan Christus die hoof is (Ef 1:22; 4:15; Kol 1:18).

Ons leer dat die vestiging en voortbestaan van plaaslike gemeentes duidelik omskryf word in die Nuwe Testamentiese geskrifte (Hand 14:23, 27; 20:17, 28; Gal

1:2; Fil 1:1; 1 Thes 1:1; 2 Thes 1:1) en dat, insoverre gemeentes saam stem oor die kernwaarhede van die Woord, gemeentes met ander plaaslike gemeentes saam werk (1 Kor 11:18-20; Heb 10:25).

Ons leer die outonomie van die plaaslike gemeente, apart van ander gesagstrukture. Die plaaslike gemeente neem volgens die Woord van God die gesagstrukture in die wêreld in ag, maar staan direk onder die gesag van God (1 Petrus 2:13-17; Rom 13:1-2).

Die ouderlinge is ook verantwoordelik vir alle ander aspekte soos lidmaatskap, beleid, dissipline, welwillendheid en bestuur (Hand 15:19-31; 1 Kor 5:4-7, 13; 1 Pet 5:1-4).

5.3 Die rol en doel van die kerk

Ons leer dat die doel van die kerk is om God te verheerlik (Ef 3:21), dit op te bou in die geloof (Ef 4:13-16) , die Woord korrek te onderrig (2 Tim 2:2, 15; 3:16-17), onderling gemeensaam te wees (Hand 2:47; 1 Joh 1:3), die twee ordonansies van doop en nagmaal te gebruik (Luk 22:19; Hand 2:38-42) en dissipels te maak deur die evangelie aan die hele wêreld te verkondig (Matt 28:19; Hand 1:8; 2:42).

Ons leer die noodsaaklikheid van die kerk om in samewerking met God die doel van Sy werk op aarde te volbring. Vir die rede bemagtig Hy die kerk met geestelike gawes. Eerstens voorsien Hy mense wat gekies is om die heiliges vir die bediening toe te rus (Ef 4:7-12) en Hy skenk ook spesiale geestelike gawes aan elke lid van die Liggaam van Christus (Rom 12:5-8; 1 Kor 12:4-31; 1 Pet 4: 10-11).

Ons leer die roeping van al die heiliges tot diens vir die uitbreiding van God se koninkryk (1 Kor 15:58; Ef 4:12; Op 22:12).

Ons leer die belangrikheid van dissipelskap (Matt 28:19-20; 2 Tim 2:2), wedersydse verantwoordelikheid van alle gelowiges teenoor mekaar (Matt 18:5-14), asook die dissiplinering van lidmate wat strydig met die Woord doelgerig volhard in sonde (Matt 18:15-22; Hand 5:1-11; 1 Kor 5:1-13; 2 Thess 3:6-15, 1 Tim 1:19-20; Tit 1:10-16).

5.4 Praktiese toepassing van die rol en doel van die kerk

Ons beywer ons om God se Woord te leer (Matt 28:18-20):

1) sodat God se Woord gehoor kan word (Rom 10:17),
2) sodat God se kinders tot redding kan kom (2 Kor 5:17-21),
3) sodat God se kinders Hom kan leer ken en vrees vir Wie God is en vir God se genade (Pred 12:13)
4) sodat mense kan leer om God volgens Sy Woord te gehoorsaam (Joh 14:15; 15:14);
5) sodat die kinders van God deur die krag van Sy Woord kan groei in geestelike volwassentheid (Rom 12:1-2)

Ons beywer ons daarvoor om God se Woord verstaanbaar te maak deur die sistematiese verkondinging van Sy Woord (2 Tim 2:15). Ons beywer ons daarvoor om die waarheid toe te vertrou aan getroue manne wat ander ook kan leer (2 Tim 2:1-2). Ons beywer ons daarvoor om dissipels te maak, dit is leerlinge van die woorde en voorbeeld van Christus, en om Sy gebooie te onderhou (Matt 28:19). Ons moedig gelowiges aan om die Skrif self te ondersoek (Hand 17:11).

5.5 Die funksie van gawes in die kerk

Ons leer dat daar twee soorte gawes aan die vroeë kerk gegee is: Vier wondergawes en ander gawes van die Gees. Wondergawes sluit in die gawes van wonderwerke, praat in tale, professie en genesing. Wondergawes was tydelik in die Apostoliese tydperk gegee om die egtheid van die Apostels se boodskap te bevestig (Heb 2: 3-4; 2 Kor 12:12). Ander gawes is gegee om die gelowiges vanuit die Woord toe te rus om mekaar geestelik op te bou.

Met die Nuwe Testamentiese openbaring nou voltooi, is die 66 boeke van die Bybel die enigste bron van morele en etiese waarheid. Gawes van ‘n wonderbaarlike aard is nie meer nodig om die Bybelse boodskap te bekragtig nie (1 Kor 13; 8-12). Wonderwerke kan ook deur Satan nagemaak word, wat selfs die gelowiges kan

mislei (Matt 24:24; 1 Kor 13:13 - 14:12; Op 13:13-14). Die gawes wat vandag werksaam is, is alles gawes wat, vir die uitleef van die Woord van God, nie die vier wondergawes insluit nie (Rom 12:6-8).

Ons leer dat niemand vandag oor die gawe van genesing beskik nie maar dat God die gebede van gelowiges vir die siekes, lydendes en verdruktes volgens Sy wil aanhoor en sal beantwoord (Luk 18:1-6; Joh 5: 7-9; 2 Kor 12:6-10; Jak 5:13-16; 1 Joh 5:14-15).

5.6 Die ordinansies van die kerk (doop en nagmaal)

Ons leer dat twee ordonansies in die plaaslike gemeente gebruik word, naamlik die doop en die Nagmaal (Hand 2:38-42).

Ons leer dat die Christelike doop deur onderdompeling (Hand 8:36-39) 'n aktiewe stap van gehoorsasamheid is aan God. Die doop is 'n publieke getuienis van 'n gelowige wat in geloof in die publiek vereenselwig met Christus en die kerk, die geestelike ligaam mense van die gekruisigde, begraafde en opgestane Verlosser. Die doop vereenselwig die Christen-gelowige tot sterwing van sonde en die opstanding tot 'n nuwe lewe (Rom 6:1-11). Doop is ook 'n vereenselwiging met die sigbare liggaam van Christus (Hand 2:41-42).

Ons leer dat die Nagmaal die herdenking van Christus dood (Luk 22:19) totdat Hy kom en dat dit altyd voorafgegaan moet word deur plegtige selfondersoek van die hart (1 Kor 11:28-32; Spr 4:23).

Ons leer dat, alhoewel die brood en wyn fundamenteel is vir die Nagmaal, dit slegs verteenwoordigend is van die vlees en die bloed van die liggaam van Jesus Christus. Nagmaal is egter die werklike gemeenskap met die opgestane Christus wat op Sy unieke manier in gemeenskap met gelowiges is (1 Kor 10:16).

6. ENGELE

6.1 Heilige engele

Ons leer dat engele geskape wesens is en dus nie aanbid mag word nie (Kol 2:18). Alhoewel hulle in 'n hoër orde as die mens geskape is, is hulle geskape om God te dien en te aanbid (Luk 2:9-14; Heb 1:6-7,14; 2:6-7; Op 5:11-14; 19:10; 22:9).

6.2 Gevalle engele

Ons leer dat Satan 'n geskape engel is. Hy het die oordeel van God op hom gebring omdat hy teen God in opstand gekom het (Jes 14:12-17; Eseg 28:11-19), deurdat hy tydens sy afvalligheid verskeie engele met hom saamgeneem het (Matt 25:41; Op 12:1-4). Satan het Eva verlei en is instrumenteel tot die mens wat homself in sonde laat verval het (Gen 3:1-15).

Ons leer dat Satan die openlik verklaarde vyand van God en die mens is (Jes 14:13-14; Matt 4:1-11; Op 12:9-10), dat hy die owerste van hierdie wêreld is en verslaan is deur die kruisdood en opstanding van Jesus Christus (Rom 16:20), en dat hy gestraf sal word en tot in ewigheid in die poel van vuur gewerp sal word (Jes 14:12-17; Eseg 28:11-19; Matt 25:41; Op 20:10).

7. DIE EINDTYD/ESKATOLOGIE

7.1 Die dood

Ons leer dat die fisiese dood geen verlies van ons onsterflike bewussyn behels nie (Op. 6:9-11) en dat die siel van die verloste onmiddellik oorgaan in die teenwoordigheid van Christus (Luk 23:43; Fil 1:23; 2 Kor 5:8), dat daar 'n skeiding van siel en liggaam is (Fil 1:21-24). By dood skei die siel en die ligaam. (Gen 35:18; 2

Pet 1:13,14). Na die dood van 'n Christen-gelowige sal die skeiding tussen siel en liggaam voortduur tot en met die eerste opstanding (Op 20:4-6), wanneer die siel en liggaam herenig sal word en vir ewig saam in Christus verheerlik sal wees (Fil 3:21; 1 Kor 15:35-44; 50-54). Totdat daardie tyd kom, sal die siele van die verlostes in Christus in vreugdevolle gemeenskap met ons Here Jesus Christus wees (2 Kor 5:8).

Ons leer die liggaamlike opstanding van alle mense, die gereddes tot die ewige lewe (Joh 6:39; Rom 8:10-11, 19-23; 2 Kor 4:14), en die ongereddes tot oordeel en ewige straf en verdoemenis (Dan 12:2, Joh 5:29; Op 20:13-15).

Ons leer dat die siele van alle ongereddes na die dood onder straf sal bly tot die tweede opstanding (Luk 16:19-26; Op 20:13-15), wanneer die siel en die opgestane liggaam herenig sal word (Joh 5:28-29). Hulle sal dan voor die groot wit troon verskyn vir die finale veroordeling (Op 20:11-15) en dan in die hel, die poel van vuur, gewerp word (Matt 25:42-46), vir ewig afgesny van 'n lewe saam met God (Dan 12:2; Matt 25:41-46; 2 Thes 1:7-9).

7.2 Die groot verdrukking

Ons leer dat die regverdige oordele van God op die ongelowige wêreld uitgestort sal word (Jer 30:7; Dan 9:27; 12:1; 2 Thes 2:7-12; Op 16) en dat hierdie oordele die hoogtepunt sal bereik wanneer Christus in heerlikheid na die aarde sal terugkeer (Joh 14:1-3; 1 Thes 4:13-18; Matt 24:27-31; 25:31-46; 2 Thess 2:7-12). Dit is die tyd voor die eerste opstanding (die opstanding van die Ou Testamentiese gelowiges asook die heiliges wat gesterf het tydens die tyd van die verdrukking). Dit is ook die tydperk waartydens die ongelowige lewendes in die tyd van die groot verdrukking geoordeel sal word. (Dan 12:2a; 1 Kor 15:51-52; Op 20:5). Hierdie tydperk is die sewentigste week van Daniël se profesie (Dan 9:24-27; Matt 24:15-31; 25:31-46).

Daar gaan 'n wegraping van die kerk plaasvind (1 Thess 4:13-18) wat beteken dat ware gelowiges die Here gaan tegemoet gaan in die lug, en so vir altyd saam met Hom gaan wees.

7.3 Die tweede koms en die duisendjarige vrederyk

Ons leer dat Christus na die periode van verdrukking na die aarde sal kom om op die troon van Dawid te heers (Matt 25:31; Luk 1:31-33; Hand 1:10-11; 2:29-30) en om Sy Messiaanse Koninkryk van duisend jaar op die aarde te vestig (Op 20:1-7). Gedurende hierdie tyd sal die opgestane heiliges saam met Hom oor Israel en al die nasies op die aarde regeer (Eseg 37:21-28; Dan 7:17-22; Op 19:11-16). Hierdie regering sal deur die oorwinning oor die antichris en die valse profeet, asook die verwydering van Satan uit die wêreld, voorafgegaan word (Dan 7:17-27; Op 20:1-7).

Ons leer dat hierdie koninkryk die vervulling van God se belofte aan Israel sal wees (Jes 65:17-25; Eseg 37:21 -28; Sag 8:1-17) om hulle te herstel in die land wat hulle deur hul ongehoorsaamheid verbeur het (Deut 28:15-68). Die gevolg van hul ongehoorsaamheid was dat hulle tydelik eenkant gelaat is, maar dat hulle deur berou en die belydenis van hul sonde weer na die land van seën sal terugkeer (Jer 31:1-34; Eseg 36:22-32; Rom 11:25-29).

Ons leer dat hierdie tyd van ons Here se heerskappy gekenmerk sal word deur harmonie, vrede, geregtigheid, regverdigheid, 'n lang lewe (Jes 11, 65:17-25; Eseg 36: 33-38), en sal eindig met die vrylating van Satan (Op 20:7).

7.4 Die oordeel van die verlorenes

Ons leer dat, na Satan se vrylating, na die duisendjarige heerskappy van Christus (Op 20:7), Satan die nasies op aarde sal mislei en hulle bymekaar sal maak om teen die heiliges en die geliefde stad oorlog te maak. Dan sal Satan en sy leërmag deur vuur uit die Hemel verswelg word (Op 20:9). Hierna sal hy in die poel van vuur en swael gegooi word (Matt 25:41; Op 20:10), waarna Christus, die regter oor alle mense (Joh 5:22), op die groot wit troon, alle ongelowiges, groot en klein, sal opwek (tweede opstanding) en veroordeel.

Ons leer dat die ongeredde dooies fisies sal opstaan vir die oordeel en (Rom 14:10-13) vir ewig bewuste straf in die poel van vuur sal uitdien (Matt 25:41; Op 20:11-15).

7.5 Ewigheid

Ons leer dat, na die einde van die duisendjarige vrederyk, die tydelike vrylating van Satan en die oordeel oor die ongereddes (2 Thes 1:9; Op 20:7-15), die wat gered is, in 'n ewige staat van heerlikheid met God sal ingaan. Daarna sal die aarde ontbind (2 Pet 3:10) en vervang word met 'n nuwe aarde waarin geregtigheid sal heers (Ef 5:5; Op 20:15; 21-22). Hierna sal die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal (Op 21:2) en die woonplek wees van al die heiliges waar hulle vir ewig in gemeenskap met God en met mekaar sal wees (Joh 17:3; Op 21-22). Jesus Christus, wat Sy verlossingstaak vervul het, sal dan die koninkryk aan God die Vader oorgee (1 Kor 15:24-28) om vir ewig oor alles te regeer (1 Kor 15:28) sodat God alles in almal kan wees.

8. HUWELIK

Pretoria Christen Gemeente sien die sluit van menslike huwelike as 'n deel van God se algemene genade. God is die een wat die huwelik definieer en dit aan ons voorhou as 'n eksklusiewe eenwording tussen een natuurlik-gebore man en een natuurlik-gebore vrou (1 Kor 7; 1 Tim 3:2).

Die huwelik is onderworpe aan die vloek van die sondeval (Gen 3:15), maar gelowiges wat in gehoorsaamheid aan die Skrif en onder die invloed van die Heilige Gees leef, kan wel 'n vreedsame, produktiewe, en vervullende huwelik ervaar (1 Pet 3:1-7, Efe 5:22-33).

Ons leer dat gelowiges met gelowiges moet trou en die verhouding tussen Christus en Sy gemeente illustreer soos uiteengesit in Efesiërs 5:22-33 en 1 Kor 7:39.

Die huwelik is 'n publieke, formele en amptelike verbond tussen een man en een vrou.

Saambly verhoudings tussen man en vrou asof hulle getroud is, is nie gelyk aan 'n bybelse huwelik nie (Joh 4:18). Waar 'n paartjie saamgebly het voor wedergeboorte,

beveel ons aan dat die gesins-struktuur sovêr moontlik gepreserveer word en ‘n huwelik so gou moontlik voltrek word.

God haat egskeiding (Mal 2:16) en laat dit net toe waar daar owerspel voorgekom het (Matt 19:9), of waar ‘n gelowige en ongelowige reeds in die huwelik verbind was en die ongelowige die huwelik wil beëindig (1 Kor 7:15-16).

‘n Geskeide persoon mag weer trou (as twee gelowiges) indien die voorafgaande egskeiding op bybelse gronde was.

Ons leer dat ‘n homoseksuele verhouding vir God ‘n gruwel is en dat hy dit veroordeel (Rom 1:26-27; 1 Kor 6:9-10; 1 Tim 1:8-11), maar as Christene bewys ons altyd welwillendheid en respek aan alle mense en verwerp haatdraende optrede en woorde. Om die Skrif getrou aan ander te leer en mense tot bekering van sonde op te roep, is nie haatspraak, of haatdraende of teisterende optrede nie, maar is wel ‘n fundamentele deel van die kerk se boodskap na die wêreld.

9. HOE WORD IEMAND ‘N CHRISTEN?

Jy is ‘n slaaf van sonde (Joh 8:23; Rom 6:15-23) of ‘n slaaf van Christus (1 Kor 7:22). As slaaf van Christus dien jy die Here Jesus Christus vrywillig en uit liefde.

9.1 Redding en bekering

Niemand kan die koninkryk van God sien as hy nie wedergebore is nie (Joh 3:3). Net God skenk wedergeboorte aan Sy kinders.

God openbaar deur Sy genade aan jou dat Hy heilig is en dus alle sonde moet straf, dat jy sondig is en verantwoordelik is vir jou sonde en dus die straf vir jou sonde, dat Jesus in jou verdiende plek aan die kruis gestraf is vir jou sonde. God gee dan vir Sy kinders die geleentheid om op Jesus se lyding, dood en opstanding te reageer deur weg te draai van jou sonde en jou vertroue op Christus te plaas vir jou redding (1 Kor 15:1-3).

As sou God jou dan in Sy genade na Hom toe trek en jy begeer om Jesus Christus as jou Heer en Verlosser te erken en aan te neem, is dit die belangrikste besluit wat enigiemand ooit kan maak.

1. Jy reageer op die goeie nuus van Christus - die evangelie, deur te erken dat God heilig is (Op 4:8), dat jy 'n hopelose sondaar is in God se oë en Hom as Redder nodig het (Rom 3:23, Rom 6:23; 1 Pet 3:18). Jy reageer op die evangelie deur met jou hart glo en met jou mond bely (Rom 10:9-10) dat Jesus Christus die Wet van Moses vervul het (Matt 5:18-20), aan die kruis gesterf het, dat Hy die sonde oorwin het en uit die dood opgestaan het (Rom 4:5; 1 Kor 15:3-4) – vir jou.
2. Jy reageer op die evangelie deur berou te hê oor jou sondes en dit bely (Rom 2:4), te erken dat Jesus Christus Here is oor jou lewe (Rom 10:9-10), te glo dat God jou sondes vergewe het (Joh 1:1, 12; Mark 2:1-12) en dan die vrug van bekering te dra (Gal 5:22-25). Die proses word ook beskryf as wedergeboorte.

9.2 Hoe lyk die wedergeborene?

1. Jy is 'n nuwe skepsel (2 Kor 5:17) en jy dra die vrug van die Gees (Gal 5:22-25) op so 'n wyse dat jy konstant groei in geestelike volwassenheid (Kol 3).
2. Jy kan getuig van die feit dat jy 'n nuwe skepsel is en begeer om in alles aan God gehoorsaam te wees (Joh 15:14), wat doop en nagmaal insluit (Matt 28:18-20; 1 Kor 11), asook diensbaarheid in die kerk en maak van dissipels (Matt 28:19).

Toets jouself of jy in die geloof is (2 Kor 13:5). 'n Boom word aan sy vrugte geken (Matt 7:17-20). Nie almal wat sê "Here! Here!" sal die koninkryk beërwe nie (Matt 7:21-22).

Redding is deur God se genade 'n persoonlike besluit tussen jou en God en ons sal graag saam met jou wil bid en jou ondersteun in hierdie belangrike saak. As jy hierdie besluit neem, of die behoefte het om meer daarvan te weet, skakel of praat asseblief met een van die ouderlinge van die gemeente.